



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

BA Oudiologie (01130105)

Duur van studie 4 jaar

Kontak Prof L Biagio de Jager leigh.biagio@up.ac.za +27 (0)124206774

Programinligting

Hierdie vierjaar-, beroepsgerigte graad is gerig op die verwerwing van dieptekennis van die normale gehoorproses en die invloed van 'n gehoorverlies binne die raamwerk van menslike kommunikasie. Opleiding word verskaf in die evaluasie en intervensie van persone met gehoorverlies van alle ouderdomme.

Sluitingsdatum vir aansoeke:

30 Junie jaarliks

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: 'n kandidaat wat oor 'n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander tersiêre instelling is of die status van 'n gegradueerde van so 'n instelling geniet; en 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Om toelating te behou sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal.
- Die Fakulteit sal bevredigende resultate in die NBT beoordeel in die lig van sy onderneming om te verseker dat 'n voldoende gedeelte aansoekers uit die histories benadeelde kategorie van die bevolking getrek word.
- Aansoekers wat voldoen aan die TPT, maar wie nie aan die vakvereistes voldoen nie moet die NBT aflê.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.

Minimum vereistes vir 2017								
Prestasievlak								TPT
Afrikaans of Engels				Wiskunde				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	4	3	D	D	30

Addisionele vereistes

Departementele keuring vind plaas.

Praktiserende oudioloë moet oor goeie spraakproduksie en taalgebruik beskik om as modelle te dien vir individue

met kommunikasie- en gehoor-afwykings. Hulle moet ook oor goeie gehoor, visie, en motoriese vermoë beskik ten einde individue met 'n verskeidenheid van kommunikasieafwykings te assessee en behandel.

Ander programspesifieke inligting

Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.

Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, mag VAG 110 en VAG 125 met SEP 110 of ZUL 110 vervang.

Let wel:

- Oorskakeling van die een program na die ander aan die einde van die eerste studiejaar, sal onderworpe wees aan beskikbare plek in die tweede studiejaar en aan 'n keuringsproses.
- Ten einde 'n module te slaag, moet 'n subminimum of 40% behaal word in elke sub-afdeling van die volgende modules: Menslike kommunikasie (KMP), Oudiologie (ODL) en Spraak-Taalpatologie (SPP).

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet 'n student

- 'n finale punt van 70% of hoër vir *elk* van die modules in die finale jaar behaal;
- 'n gemiddelde van 75% of hoër vir die Oudiologie-modules op vierdejaarsvlak behaal;
asook
- 'n finale punt van 75% of hoër vir een van die teoretiese modules, ODL 410 of ODL 420 behaal.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.